AfriForum
'n Inisiatief van Solidariteit
An initiative of Solidarity

BILTONG BULLETIN

Uitgawe 22 - Junie 2007

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@afriforum.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons ons adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

LEESHOEKIE

VELLETJIES is die naam van `n elektroniese nuusbrief wat uit slegs twee A4-velletjies bestaan, en elke vyftiende dag gestuur word. Dit is `n gratis diens aan Afrikaanse kunsliefhebbers, veral liefhebbers van die woordkunste. Die lesers noem dit graag ***SKOONASEM VELLETJIES***; daar is geen raampie met LSNV, dus geen ouderdomsbeperking, in een hoek nie. ***VELLETJIES*** strewe na uitnemendheid, nie nivellering nie en verwelkom bydraes, wenke, kritiek, maar sal noodwendig na harde kopie toe moet gaan met dit wat meer as genoemde twee velletjies mag beslaan. Dit sal dan ook elektronies aangekondig word. ***VELLETJIES*** stel graag Afrikaanse skrywers en digters saam met hulle publikasies bekend, ook Afrikaanse organisasies met kultuurbetrokkenheid, en bereik na skatting sowat 22 000 e-pos-adresse. ***VELLETJIES*** is as van opvoedkundige waarde bestempel en kry groen ligte van sommige gesiene Afrikaanse literatore en akademici. Nog niemand het die redaksie oor ***VELLETJIES*** gelooi nie. Almal verwag klaarblyklik eerder dat daar fyn marokynse leer van gemaak sal word vir goudbedrukte bindwerk van dit wat uitnemend is in Afrikaans. Kom neem gerus `n aandeel op. Navrae kan gerig word aan Johann de Jager by **bentakom@absamail.co.za**.

Wat is die 25 Suid-Afrikaanse boeke wat 'n mens onder oë moét kry? Die Sentrum vir die Boek het hierdie vraag gevra en die onderstaande lys van goeie boeke uit die pen van Suid-Afrikaanse skrywers saamgestel. Dit is 'n wonderlike manier om te wys dat Suid-Afrikaners boeke wat deur Suid-Afrikaners geskryf is, lees," sê Vanessa Badroodien, besturende direkteur van die Kaapstadse Boekeskou. Hier is die finale lys van boeke wat gegroei het tot 30:

1. 'n Ander tongval, ook A Change of Tongue – Antjie Krog;
2. African Salad. A Portrait of South Africans at home – Tamsen de Beer & Stan Engelbrecht;
3. Agaat – Marlene van Niekerk;
4. Coldsleep Lullaby – Andrew Brown;
5. Confessions of a Gambler – Rayda Jacobs;
6. Die aandag van jou oë: Gedigte vir die liefde – Petra Muller;
7. Disgrace – JM Coetzee;
8. Dog Eat Dog – Niq Mhlongo;
9. Green-Eyed Thieves – Imraan Coovadia;
10. I Remember King Kong (The Boxer) – Denis Hirson;
11. Jamela's Dress – Nicky Daly;
12. Karoo Boy – Troy Blacklaws;

13. Orion – Deon Meyer;
14. People Who Have Stolen from– David Cohen;
15. Portrait with Keys – Ivan Vladislavic;
16. Seasonal Fires – Ingrid de Kok;
17. Shirley, Goodness and Mercy – Chris van Wyk;
18. Skyline – Patricia Schonstein Pinnock;
19. Some Afrikaners Revisited – David Goldblatt;
20. Song Trials – Mxolisi Nyezwa;
21. Spud – John van der Ruit;
22. The Abundant Herd – Marguerite Poland en Leigh Voight;
23. Verkeerdespruit, ook The Children's Day – Michiel Heyns;
24. The Good Cemetery Guide – Consuelo Roland;
25. The Native Commissioner – Shaun Johnson;
26. The Quiet Violence of Dreams – K Sello Duiker;
27. The Whale Caller – Zakes Mda;
28. Touch my Blood – Fred Khumalo;
29. Welcome to my Hillbrow – Phaswane Mpe;
30. Zapiro se The Zuma Code.

WEBWERWE

Ons het al 'n paar keer na die webwerf **www.arrivealive.co.za** verwys, waar baie handige en noodsaaklike inligting oor verkeerstoestande en aangeleenthede in Suid-Afrika gevind kan word. Daar is ook interessante geselsgroepe en idees – lees byvoorbeeld webmeester adv. Jonckie Joncker se inskrywing van 2007-06-24:

South Africans helping South Africans out

Do you remember the television commercial stating that South Africa is alive with possibility? This inspirational clip featured South Africans who have overcome adversity and excelled in different fields of sport and industry. The past week I had time to reflect on how companies and individuals are assisting other South Africans to better their lives. On television there was an interview with the 2 endurance athletes who ran across the Great Wall of China, raising money for Operation Smile. **Operation Smile** is a non-profit volunteer medical organisation that provides free reconstructive surgery to children and young adults suffering from facial deformities such as cleft lips and palates. Outsurance, one of the corporate sponsors who enabled me to develop the **Arrive Alive road safety website**, informed me that they will assist in raising further funds through a "Gun Run" in Cape Town. These funds will be used to enable medical personnel to change the lives of more children with cleft palates. I thought of the "Possibilities in South Africa" and how many of these we actually manage to convert to life-changing results. Nobel Prize winner Bishop Desmond Tutu recently stated at a road safety conference in Cape Town that God did not create a perfect world as he wanted us all to be part of making it perfect. Are we doing our utmost to be part of this process? Many corporates in South Africa acknowledge the importance of social responsibility and they budget for spending on worthy causes. Should it however only be the responsibility of big companies to improve the lives of those in need, and can we sit back as taxpayers and expect government to address all the needs of our people? A few years ago there was a movie named *Pay it forward*. This movie had the powerful message that much can be achieved if each person tries to touch the life of just one other person. I will never forget this message and believe that we all need to include this message in our lives. I would like to imagine a South Africa where each person is involved in at least one worthy cause –whether that is road safety; the elderly, orphans, disabled people, cancer, tuberculosis, Operation Hunger or any other worthy cause. Francis Hesselbein once said: "The secret of life is doing good work, being with good people, and learning to give and receive love". May South Africans continue to amaze the world by assisting one another across boundaries of language, race, age or religion! Then we can indeed be proudly South African, fulfill our potential and live a life of meaning by not just living for ourselves ... What drives me? - a quote I gathered from the movie *Emperors Club* - my interpretation- "No matter how much you might have conquered - if you have not left behind a contribution - it is all meaningless …"

Lesers, besoek dus die webwerf vir lewens- en padadvies. Terloops, enige kommentaar oor die gedagtes van Jonckie?

SAAK VAN DIE MAAND: REGSTELLENDE AKSIE

Die publikasie ***Die Keiser is Kaal – waarom regstellende aksie misluk het***, het pas verskyn en stimuleer die debat oor hierdie onderwerp opnuut. Dié boek klim kaalvuis onder regstellende aksie in en kyk eerlik, sonder om polities korrek te wees, na die veelbesproke regstellende aksie-wetgewing. Die boek speel die rol van die klein seuntjie wat in die storie oor die keiser se kleed bereid was om te sê: "Die keiser is kaal". Dirk Hermann tref in die boek 'n deeglike internasionale vergelyking en kyk of Suid-Afrika se program van regstellende aksie met die beste praktyke in die wêreld ooreenstem. Die boek kom tot die gevolgtrekking dat regstellende aksie internasionaal - maar ook in Suid-Afrika - misluk het. Hermann sluit die boek af met 'n aantal hoofstukke oor hoe 'n goeie regstellende aksie-kleed moet lyk. Alhoewel die boek baie krities staan teenoor die huidige model van regstellende aksie in Suid-Afrika, sluit dit positief af met 'n aantal lesse oor hoe Suid-Afrika se strewe om wanbalanse reg te stel, ingerig moet word om Suid-Afrika 'n land te maak vir almal wat daarin woon, swart en wit. Die boek volg ná Hermann se jarelange ervaring van regstellende aksie as adjunk-uitvoerende hoof van Solidariteit en 'n doktorale proefskrif oor die invloed van regstellende aksie op vervreemding van die nie-aangewese groep.

Die Keiser is Kaal – waarom regstellende aksie misluk het word deur Protea Uitgewers uitgegee. Dit kos R120-00 en is in Suid-Afrika by groot boekhandelaars en Protea Boekehuis in Hatfield beskikbaar. 'n Elektroniese bestelvorm, elektroniese biblioteek oor regstellende aksie en artikels uit die boek is ook beskikbaar by **www.diekeiser.co.za**.

NATUURBEWARING

- Suid-Afrika se 22ste nasionale park, Mokala Nasionale Park, is in Junie 2007 sowat 80 km suid van Kimberley geopen. Die vervang die gedeproklameerde Vaalbos Nasionale Park. Buffels, wit- en swartrenosters, basterhartbeeste, elande, gemsbokke en koedoes kan onder meer daar gesien word. Die wolklose en relatief onbesoedelde lug in die area sal ook sorg vir uitsonderlik goeie sterrekykgeleenthede.

- Binne 3 weke is 3 van die Krugerwildtuin se groot ivoordraende olifante (*tuskers*) dood. Hulle was Mambrr, Mashaghadzi en Massunguine en is dood as gevolg van beserings wat in gevegte met ander olifantbulle opgedoen is. Massunguine was die mees onlangse slagoffer. Hy was sowat 40 jaar oud. Mambrr was sowat 55 en Mashaghadzi 50. Hulle ivoor is verwyder, word veilig bewaar en sal mettertyd in die wildtuin uitgestal word.
- Vandeesweek begin die jaarlikse uitdunning van robbe in Namibië, ten spyte van vele betogings daarteen in Suid-Afrika en elders. Etlike duisende robbe sal in die komende weke geskiet of doodgeslaan word om Namibië se kwynende visbronne sogenaamd te beskerm.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — JUNIE / JULIE 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld* en ander dagblaaie? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur net 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@afriforum.co.za**.
- Die Departement van Binnelandse Sake het aan meer as 10 000 toeriste toegang tot Suid-Afrika geweier omdat hulle te min oop bladsye in hulle paspoorte gehad het. Volgens immigrasieregulasies moet daar minstens 1 skoon visumbladsy in 'n paspoort wees om tot Suid-Afrika toegelaat te word.
- Suid-Afrikaner Arno Carstens en sy rockgroep New Porn het op 23 Junie 2007 in Spanje as voorprogram vir die legendariese Rolling Stones opgetree.
- UNICEF het skerp gereageer op SA Statistics se bekendmaking dat 61 461 kinders van 4-jaar en jonger in 2005 oorlede is. 827 Babas jonger as 1-jaar is as gevolg van wanvoeding oorlede en in totaal is 1 463 aan onnatuurlike oorsake soos motorongelukke en aanranding dood. Unicef sê dit is erger as ooit in Suid-Afrika se geskiedenis.
- 'n Eg Suid-Afrikaanse produk is Peppadews, gepekelde rooi rissiepepers van Limpopo. "Peppadew" is ook as handelmerk geregistreer. Dit word reeds in 22 lande verkoop (sien resep onder).
- Twee deelnemers aan die Comrades-maraton wat vanjaar op 17 Junie plaasgevind het, is tydens die wedloop weens hartprobleme oorlede.
- Die planne vir die bou van Suid-Afrika se eerste korrelbed-kernreaktoor duur voort.
- Ingrid Winterbach is vanjaar se wenner van die M-Netprys en die W.A. Hofmeyrprys vir haar roman *Die boek van toeval en toeverlaat*. Sean Johnson het die M-Netprys in die Engelse kategorie gewen vir sy roman *The Native Commissioner*. Marlene van Niekerk het die Sunday Times-prys vir fiksie gewen vir die Engelse vertaling van haar roman *Agaat*. Die Sunday Times nie-fiksieprys is aan Ivan Vladislavic toegeken.
- 'n Nuwe Suid-Afrikaanse tienerdramareeks wat op internet en selfone gekyk sal kan word, word tans vervaardig. Dit sal *J-Bay* heet en in Jeffreysbaai afspeel.
- Bekroonde Suid-Afrikaanse regisseur Darrell Roodt het pas sy eerste Afrikaanse rolprent voltooi, naamlik *Meisie*. Dit speel in die Kalahariwoestyn af en handel oor 'n meisie wat deur haar pa belet word om skool toe te gaan.
- 'n Internasionale studie het getoon Suid-Afrikaanse banke se koste vir tjekrekeninge meer as 2 keer meer as die internasionale gemiddeld is.
- 'n Totaal van 35 maatskappye is sedert September 2006 op die JSE genoteer. Sewe van hulle in die konstruksiebedryf werksaam.
- Die SABS het 'n kode opgestel vir veiligheid van speelgoed en bewaarskole. Dit sal verseker dat kinders veilig kan speel in bewaarskole of tuis. Ouers wat belangstel om na die kode te kyk, kan die SABS kontak. Dit kyk onder meer na stowwe waarmee speelgoed opgestop word, die kragstroom waarmee elektriese speelgoed werk en die chemiese inhoud van vloeistof in wat in speelgoed gebruik word.

- Die dokumentasie van die Rivonia-verhoor (waartydens oud-pres Nelson Mandela in 1963 veroordeel is) is nou verklaar tot deel van UNESCO se “Memory of the World-register”. Hierdie lys kennisskatte is ongeveer ‘n dekade gelede deur UNESCO tot stand gebring en bestaan tans uit 158 items. Die enigste ander versameling uit Suid-Afrika op die lys is die Bleek-versameling familie- en reisrekords.
- Die Suid-Afrikaanse vloot verloor kundiges in sleutel gespesialiseerde posisies teen so ‘n spoed dat die nuut aangekoopte fregatte en duikbote se gebruik beïnvloed gaan word.
- Johannesburgers moet by **www.joburg.org.za** kommentaar lewer op ‘n nuwe huis-belastingstelsel wat voorgestel word. Daarvolgens sal mense nie belasting betaal volgens buurt nie, maar volgens eiendomswaarde. Alle huisverbeterings gaan nou tot hoër belasting lei as die stelsel aanvaar word.
- Verbruikersbesteding in Suid-Afrika het in April 2007 met 5,4% gestyg, teenoor 10,2% in April 2006.
- Mense wat voortaan vals klagtes van rassisme teen kollegas maak, kan weens wangedrag afgedank word indien die klagtes ongeldig is.
- Die Suid-Afrikaans-gebore violis David Juritz is ‘n gereelde gasleier van die Londense Filharmoniese Orkes. Hy gaan die volgende 4½-maande deur 25 lande om die wêreld reis sonder enige sakgeld en homself onderhou deur straatspel (*busking*). Hy sal in Julie 2007 Kaapstad en Johannesburg besoek, maar steeds net op straat speel. Sy vrou en dogter steun hom, maar sy dogter se vereistes is dat hy nie ‘n baard mag groei nie en skoon moet bly! Hy het onder meer Musiek aan die Universiteit van Kaapstad bestudeer.
- Die Wes-Kaap oorweeg om ‘n toerisme-belasting in te stel. Toeriste sal volgens die planne ‘n heffing betaal waar hulle enige vorm van openbare vervoer gebruik. Toerismesake teken skerp beswaar hierteen aan.
- Volgens ‘n memo van die Departement van Onderwys val Kersfees in 2009 op 10 September, Vryheidsdag op 15 Junie, Vouedag op 25 Desember en Goeie Vrydag op 24 September. Opwindend, né?
- Alle “kinders” wat 18 jaar oud is, is van Julie 2007 af regtens meerderjarig. Dit beteken onder meer dat 18-jariges sonder hulle ouers se toestemming mag trou en dat hulle sonder hulle ouers se goedkeuring of bystand kontrakte mag sluit. Dit kom nadat sekere bepalings van die nuwe Kinderwet ingevolge ’n kennisgewing in ’n Staatskoerant in werking getree het. Een van die bepalings is die artikel wat bepaal dat meerderjarigheid verlaag word van 21 tot 18 jaar. Die volledige nuwe wet sal eers in werking tree nadat regulasies wat met ander artikels in die wet verband hou, opgestel is. Regskenners het die verlaging van die ouderdom van meerderjarigheid as “een van die grootste en ingrypendste veranderinge ten opsigte van minderjariges ooit” beskryf. Een van hulle is prof. Trynie Davel, direkteur van die Sentrum vir Kindersorg aan die Universiteit van Pretoria. “Die gevolge van die verlaging van die ouderdom van meerderjarigheid van 21 tot 18 is uiters ingrypend. Baie 18-jariges is nog in matriek, maar hulle sal van vandag af in die huwelik mag tree en kontrakte mag sluit sonder hulle ouers se toestemming,” het Davel gesê. “Daar rus dus nou ’n besondere swaar verantwoordelikheid op ouers van 18-jariges om aan hul jong volwassenes die regte leiding te gee. Ook regslui wat voortaan die regsake van 18-jariges hanteer, sal veral moet oplet na die regsgevolge van bepaalde aksies, omdat 18-jariges hulle van vandag af nie meer op minderjarigheid kan beroep nie.”
- Die Suid-Afrikaanse regering beklee die laaste plek in ‘n lys van lande wat dienslewering betref, volgens ‘n internasionale studie wat tweejaarlik onderneem word. In 2005 was Suid-Afrika nog tweedelaaste en Brasilië laaste. Die verslag, Leadership in Customer Service: Delivering on the Promise, sê omtrent die lande in die laagste posisies: "Their service performance seems to be headed in a downward direction. These countries are in greatest need of a dramatic intervention to turn the tide of current opinion.” . Singapoer beklee die eerste posisie, met Kanada, die VSA, Denemarke en Swede volgende. Twee-en-twintig lande is in die verslag ingesluit.
- Voertuigvervaardiging in Suid-Afrika het van 388 442 eenhede in 1995 tot 587 719 eenhede in 2006 toegeneem. In dieselfde bedryf het werksgeleenthede egter van 38 600 in 1995 tot 34 000 in 2006 afgeneem weens meganisasie.
- Twee Suid-Afrikaanse voetgangerbrûe, naamlik die 150 meter-lange Mkomaasrivier-voetgangerbrug in KZN en die Bosmansdam-voetgangerbrug in die Kaap is met 2007 se

Fulton-toekennings vir die uitmuntende gebruik van beton in konstruksie bekroon. Beide is deur die konsultante-ingenieurs Jeffares & Green ontwerp. Die Fulton-toekennings word tweejaarliks deur die Betonvereniging van Suider-Afrika toegeken.

- Mev. Beth Cocburn, stigter van die St. John's-ambulansdiens in Newcastle (KZN), is tot ridder geslaan deur Koningin Elizabeth II vir haar naastediens. Mev. Cocburn is 82 en is steeds baie aktief in die gemeenskap.
- SA Statistics het bevind dat 53 000 Suid-Afrikaners in 2005 aan onnatuurlike oorsake dood is, en dat een uit elke tien van hulle aangerand of geskiet is.
- Kimberley se Groot Gat is besig om in te kalwe weens die druk verkeer op die N12-hoofweg langs die pad. Planne word oorweeg om 'n alternatiewe roete vir die N12 te vind en so die gat te red.
- Deirdre Mitchell het die eerste vroueskeidsregter in die Suid-Afrikaanse Premier-sokkerliga geword. Sy woon in Port Elizabeth en haar eerste wedstryd was dié tussen Santos en Kaizer Chiefs.
- Enige persoon wat voortaan meer as 24-uur per maand in 'n hotel, kitskosplek of restauarant werk, sal voortaan geag word 'n volwaardige werknemer te wees en sal op 'n minimum loon kan aanspraak maak. Werkers sal ook addisioneel betaal moet word om op Sondae te werk.
- Die dorpie Tosca, 154 km van Vryburg, is in die mark vir R4-miljoen. Dit bestaan onder meer uit 'n motorhawe, slaghuis, drankwinkel, en 'n skool met 102 leerlinge!
- Tot 90% van die aanmanings wat die Menseregtekommissie (MRK) aan staatsdepartemente stuur, word geïgnoreer tot dit van 'n lasbrief vergesel word. Die Voorsitter van die MRK, mnr. Jody Kollapen, het die staat lelik voor stok gekry oor die agterlosigheid.
- 'n Studie toon aan dat die meeste Suid-Afrikaanse werknemers van die werk af wegbly weens maagpyn. Die ellende tref hulle skynbaar veral op Maandae (!), en die grootste groep van die lyers is tussen 25 en 30 jaar oud ...
- In Johannesburg en omstreke het dit die laaste week in Junie die meeste gesneeu sedert 1981. Vlugte is op lughawens vertraag en in die Kaap (veral die Citrusdal-omgewing) het boere skade gely weens oorstromings.
- Suid-Afrikaanse kinders van 1 tot 9 jaar eet te min groente en vrugte. 'n Studie toon aan dat dit een van die vernaamste redes is wat kardiovaskulêre siektes onder volwassenes veroorsaak.
- Sowat 80 mense is met helikopters van die dak van 'n hotel in Durban gered toe die hotel aan die brand geraak het. Niemand is in die brand oorlede nie.
- Suid-Afrikaanse reisigers word herinner dat hulle onder geen omstandighede biltong uit Suid-Afrika na die VK mag neem nie, al word dit ook vakuum-verpak. Die vleis kan steeds bakterieë bevat en mag daarom nie in die VK kom nie.
- Slegs 17 000 nuwe werksgeleenthede is in die eerste kwartaal van 2007 in Suid-Afrika geskep – hopeloos te min vir die aantal werkloses in die land.

WELSYN

Bo het adv. Jonckie Joncker van die **Smile Foundation** vertel. Die stigting het in 2000 tot stand gekom en word deur die koerant *The Star* ondersteun. Hulle beskryf hulle doelstelling soos volg:

Our aim is to offer the disadvantaged community access to the same medical care available to the private sector, and within this, help the hospitals clear their backlog. Our goal is to offer these children quality of life, bringing smiles to the young faces of our Rainbow Nation.

The Smile Fund is now hoping to motivate a Smile Week programme where children will be operated on using the skills of both international and local doctors from both the private and public sectors. The aim of this programme is to help in clearing the national backlog of children suffering from Cleft Palate and other problems in what will be the first of its kind internationally. A considerable number of children will be operated on at no charge to them for the surgery.

The Foundation will continue to work closely with its existing team but will also engage at deeper levels within the children's environments. For example, Smile has teamed up with the Department of Health to create awareness campaigns, as well as specialist secondary caregivers and professionals, who will provide services above and beyond the internal support departments available through the hospitals.

Lees meer oor hulle werk of raak betrokke by **www.thestarsmilefund.co.za**.

RESEP VAN DIE MAAND

Peppadew pikante rissiepeper tortillasop

[Bron: Beeld, 23 Junie 2007 – sien ook www.peppadew.com]

1 kg groot tamaties, gekap
1,5 liter hoenderekstrak
150 gram heel Peppadew rissiepepers
1 koppie koringtortilla-repe
1 eetlepel gekapte knoffel
1 koppie gerasperde cheddarkaas
4 eetlepels olyf/sonneblomolie
1 eetlepel gemaalde komyn
2 eetlepels rissiepoeier
1 gekapte ui
1 e gekapte koljander
1 avokadopeer, grof gekap

Metode:

1. Soteer die ui tot deurskynend in 'n groot pan.
2. Voeg tamatie en rissiepepers by, kook tot sag, roer gereeld.
3. Laat afkoel en omskep in puree in 'n voedselverwerker.
4. Plaas terug in die pan en voeg alles by behalwe die tortilla-repe, kaas en avo.
5. Prut vir 30 minute.
6. Voeg tortillarepe by en verhit nog 10 minute.
7. Bedien met avokado.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

Leslee, voorheen van die VSA, nou in Johannesburg, vra: Is there any interest in a support group for foreign spouses of South Africans living in South Africa? If there is, then let me know. I will be happy to help with the organization of such a group!

Die aanpassing in Suid-Afrika kan ingrypend wees en dit sal seker lekker wees om met iemand te praat wat dit soos jy beleef. Enige idees hieroor? Laat weet ons by **alana@afriforum.co.za** asseblief.

Skryf gerus gou weer en geniet die maand wat voorlê!

Alana & kollegas
AfriForum
[**www.komhuistoe.co.za** / **alana@afriforum.co.za**]